

Nomades Voetslaanklub.

Roete-terugvoer

Rietvleidam oornag-rugsakstap.

2-4 Junie 2017. S25 52 56.2 E28 15 52.9



Vrydag middag so tussen 15:30 en 16:00 kom al die stappers by die hoofhek van die Rietvleidam-natuurreservaat wat onder bestuur van Stad-Tshwane is, aan waar ons motors onderdak en agter 'n hek slaap die naweek. Min of meer op die Suid-Oostelike hoek van Pretoria se grens. Die roete is amptelik ge-open November 1993. Party het verby die hek gery en ander het bietjie verkeer gehad. *Johan, Magda en Lizel Rosemann*; Phrina Oosthuizen, Isabel Baatsen, Erna Lubbinge, Elsabe During en Marius Stander stap saam. 8 Stappers. Die kampies kan net 8 persone huisves.



Niki, ons gids vir die Vrydag stap saam met ons so net oor die 2km na die Pendoring hut. Verby die onbekende grafte van waarskynlik dambouers of grafte wat gevind terwyl die dam in 1934 gebou is. Dit is gebou as 'n gronddam en grond vir die wal is uit die area ook geneem. Later is die damwal met sement verhoog. Dan verby die groot lapa en na 'n stywe opdraantjie is ons by ons hut. Die water is egter afgedraai en toe ons oopmaak lek dit erg. Ons vrees net ons gaan binnekort niks water oor hê nie. Na 'n paar oproepe het Rietvlei se personeel die probleem tydelik opgelos. Ons het nou net nie warmwater vir die aand nie, aangesien die sonverwarmde geysers geen druk vandag gehad nie.



Beide die hutte (Pendoring en Protea) bestaan uit twee klein rondaweltjies wat elkeen 2 stapelbedjies in het met lekker nuwe dik matrasse. Geen krag nie. Tussen die twee kamers is 'n stort en die ander kamer het 'n wasbak. Die spoeltoilet is net buite die voordeur. Genoeg droë hout word voorsien vir braai en kuier. 'n Driepootpot, platboompot en ketel asook 'n vuur-graaf word voorsien. 'n Lekker eet-en-kosmaak bankie/tafeltjie is ook daar. Geen 'kombuis' nie. Ons raak aan die slaap met die klank van jakkelse in ons ore, en as jy baie fyn luister die voertuie op die Delmaspad en die nabygeleë R21. Meeste van ons is voor 21:00 in die bed. Dit raak maar koel buite saans. Die matrasse is dik en goed. Die kamers warm.



Saterdag oggend ontbyt genuttig na 'n heerlik nag se slaap. Vuur doodgegooi en hut gesluit. Luther, ons gids vir vandag en môre is vanoggend betyds. 8:00 is ons almal reg en hy is daar. Ons begin stap.

Al om die dam se 'inloop-punt', oor die Otterbrug met sy sementwal.



Ons word die Renoster en Blesbokmis gewys, asook die waterbesies (Sonaangedrewe 'roerders' op die dam wat sorg dat die water nie stagneer en alge en groeisel bevorder nie). Ons stop by die 'Island View' voëlskuiling en skep bietjie asem en geniet die 'geriewe' daar. Oor die veld, bietjie bosstap nou oor die vlakte tot op die koppie en die bos waar sommige tee maak en ander somer net versnappings geniet. Agter die koffiewinkel en restaurantjie verby, weer heelwat diere hier langs die vlei gesien. Weer oor Otterbrug en by 'Finfoot' voëlskuiling gestop. Verby een van die paar boorgate op Rietvlei, wat saam met 'n paar fonteine en die water wat invloei in die dam uit die sesmyspruit, deesdae net sowat 10% van Pretoria se water voorsien. Voor die groot inwonertal-verhoging was dit tot 25%. Dan die laaste entjie matig op, bietjie bos-paadjies en bietjie karpaadjies tot by die Protea hut waar ons so 14:30 aankom. Daar geen water nie. Die tenk is leeg. Almal pak maar solank rugsakke uit en maak 'n warm drinkding. Skoene uit en voete in die lug. Die vuur word solank aangesteek met 'n pot kookwater op. Die Matrasse is ook vervoer vanaf die Pendoring hut na die Protea hut, aangesien daar nie matrasse daar was nie. Ek



Ek



verstaan later daar is net een stel, wat maar so tussen die hutte gewissel word. Daar word gebel en gereel vir water. William kom 'n tyd later die tenk volmaak, nadat hy eers die inpomppyp regemaak het. Ons sou ook nie warmwater gehad het nie, want daar was nie water in die sonverwarmde stelsel tydens son-tyd nie. Met 'n vol tenk kom ons ook agter die toilet kry nie water nie. Ons kan dus nie spoel. Die stort loop ook nie uit nie. Nog 'n paar oproepe en daar word gereel dat ons terugtrek na die Pendoring hut deur Sibu. Weer rugsakke ingepak en matrasse uitgedra. Vuur doodgemaak. Vuyu? Kom haal ons en ons rugsakke met 'ystervark', hul wildsbesigtigings voertuig. Geluk by die *ongeluk* sien ons tydens ons 'wildsrit' 16:00 die middag nogal baie diere, onder andere 'n Witrenoterma en haar baba hier teen die pad by ons. Oulik. Dit blyk dat die diere die voertuie meer gewoon is as mense. Baie gemakliker en ontspanne.



Weer terug by Pendoringhut, weer vuurgemaak vir kuier en ook vir braai. Daar is nog steeds genoeg droë hout gebêre in die toilet vertrekke. Ons matrasse word weer afgelewer. Ons pak weer uit. Daar is steeds 2 vertrekke met 2 stapelbedjies elk. Braaivleis geniet en somer net lekker gekuier.



Sondag oggend . Party geniet hul Futereleife, ander net 'n kassie en ander maak 'n eiertjie en worsie op die vuur gaar. As gevolg van 'n kommunikasiegaping tussen Rietvlei-personeel, weet Luther, ons gids, nie ons is nie meer by die Proteahut nie en gaan soek ons daar. Baie verras dat sy groep weg is. So 8:40 is hy by ons, nadat ons amper maar op ons eie begin stap het. In plaas van nou net 'n lussie loop, en dan terug na die hoofhek, is daar 'n puik voorstel van Phrina, dat ons met die bakkie ry na die Protea hut en dan van daar loop. Ons doen so. Nog 'n gratis vroegoggend wildsrit. Ons sien weer baie diere. Elande,

Blesbokke, Zebras, Rooihartbees, Swartwildebees, Witrenosters en 'n hele klomp Kiewiete wat spesiaal vir Elsabe poseer. Rugsakke weer op en die Sondagstap begin so 8:50. Na so 'n ½ uur skielike spanning. Daar is 'n alleen buffel in 'n bos net hier voor ons. Ons draai baie vinnig om en party kry dit self reg om 'n entjie met 'n rugsak te draf. Na 'n veilige afstand 'n alternatiewe roete geneem. Dan moet Luther weer kies of ons naby die Witrenoster met die kleintjie of naby die groter troppie renosters moet verby. Ons neem maar die middeweg en kom veilig deur. Dan maar aan oor die uitgestrekte grasvlaktes. Die paadjies is wyd oopgesny. Dit word ook vir baie dagstappe gebruik. Hier en daar stap ons somer deur die veld of kort entjies met die motorpaaie langs. Oor die koppie en dan weer die mooi uitsigte op die Rietvleidam en die damwal (foto heel bo). Rustige Blesbökkies en Zebras groet ons. Luther wys ons ook die Afrika aartappel waarvan die wortel gebruik word. Terug verby die onbekende grafte tot by die werkswinkel-area waar ons motors vir ons wag.



Sibu, ons gids van 2015/08 wat nou 'Tourism manager' is, vra ek moet hom kom sien. Agv al hul dinge wat gegly het en hy erken hulle was nie reg vir ons nie, selfs die hout moes alreeds by die kampe gepak wees, maar dit was nie en die instandhouding en inspeksies wat 2 weekliks moes plaasvind het nie, uit sy eie mond, bied hy uit sy eie aan om ons volle fooi terug te betaal. Hy dring aan. Hulle sal die saak ondersoek en hanteer en hul instandhouding opskerp. Ja, hulle het foute gemaak en gegly, maar het in elke geval redelik gou planne gemaak om die probleme redeliker wyse op te los, water aan te ry, of ons weer te trek en rond te ry. Gee vir Rietvlei daardie krediet, hulle het so goed hul kon, alhoewel ons maar alles moes opvolg, oor 'n naweek, die probleme probeer oplos en ons gehelp, alhoewel hul in die week redelik slap gelê het.



Finansies:

Uitgawes > R4066

Oorbetaal aan Stad-Tshwane.	R250x8	R2000
Vuuraanstekers :		R 16
Fooitjie aan Luther, ons gids.		R 50
Terugbetalings of krediet aan Stappers binnekort	R250x8	R2000

Inkomstes > R4250

8Stappers. 5Lede(270) & 3Nielede(300)	R2250
Terugbetaling van Tshwane. (belowe)	R2000
Projek surplus:	R184

2017/06/05

Stappersgroete.

Marius Stander

Sien www.nomades.co.za

vir Klub-inligting,
Bankbesonderhede,
Klubaand-inligting en meer.

